
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2026

## BESIGHEIDSTUDIES

## (VRAESTEL 2)

BESIGHEIDSTUDIES V2

C2722A

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**10 bladsye**

X05

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n riglyn vir punt- en tydtoewysing wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord van ELKE vraag op ’n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag ’n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die ... leier het sekerheid dat besluite betyds geneem sal word en dat werk op die geskeduleerde tyd gedoen sal word.

A demokratiese
B charismatiese
C transaksionele
D outokratiese

1.1.2 Avela het 'n bedrag van R50 000 in 'n vaste deposito teen 15% saamgestelde rente per jaar vir twee jaar by Masingita Bank belê. Avela sal ... as rente na twee jaar ontvang.

A R16 130
B R17 120
C R16 125
D R15 000

1.1.3 Carlos Vervaardigers het by die ... -fonds geregistreer om hul werknemers in staat te stel om vergoed te word vir beserings wat by die werk opgedoen word.

A Vergoedings
B Pensioen
C Padongelukke
D Werkloosheidsversekerings

1.1.4 'n Werknemer van Ntini Handelaars het die kredietkaart van die besigheid gebruik om vir sy middagete te betaal. Dit verwys na ... as 'n tipe onprofessionele besigheidspraktyk.

A onproduktiewe werknemers
B misbruik van werktyd
C moeilike werknemers
D ongemagtigde gebruik van werkplekfondse en -hulpbronne

1.1.5 Kreatiewe denke in die werkplek beteken ... om besigheidsprobleme op te los.

A die gebruik van ou maniere
B die generering van innoverende idees
C die gebruik van roetine-denke
D dat een werknemer word toegelaat

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

(5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) wat in die onderstaande lys verskaf word, te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| saamgestelde; | situasionele; | onderversekering; | etiese; | kragveldanalise; |
| professionele; | eenvoudige; | oorversekering; | transformasie; | Delphi |

1.2.1 Thompson Handelaars se bates is verseker vir minder as die werklike waarde. Dit staan bekend as ...

1.2.2 Die bedrag rente wat verdien word gebaseer op die oorspronklike bedrag wat belê is, sowel as rente wat verdien is staan bekend as ... rente.

1.2.3 Nelani Onderneming implementeer die ... leierskapsteorie aangesien die besigheid radikale veranderinge ondergaan.

1.2.4 Die werknemers van Bennies Boekwinkel wys ... gedrag aangesien hulle die besigheid se gedragskode toepas wanneer hulle met kliënte werk.

1.2.5 Die ... probleemoplossingstegniek kan tydrowend wees aangesien die besigheid moet stabiliseer voordat verdere veranderinge aangebring kan word.

(5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Kapitaalwins | A geraasvlakke in 'n kantoor word verminder aangesien daar geen groepbesprekings is nie |
| 1.3.2 Situasionele leierskapsteorie | B van toepassing op korttermyn-versekering |
| 1.3.3 Versekering | C raad van direkteure ontwikkel billikheidsprogramme om te verseker dat alle werknemers gelyk behandel word |
| 1.3.4 Delphi-tegniek | D word vereis dat leiers werknemers onder verskillende omstandighede moet bestuur |
| 1.3.5 Verantwoordelikheid | E geraasvlakke in 'n kantooromgewing is hoog omdat daar groepbesprekings is |
| | F groei in waarde van eiendom in verhouding tot die oorspronklike bedrag belê |
| | G van toepassing op langtermyn-versekering |
| | H raad van direkteure implementeer programme wat daarop gemik is om die gemeenskappe waarin hulle funksioneer, te beskerm |
| | I leiers kommunikeer die visie van die organisasie op 'n duidelike wyse |
| | J verkoop van 'n eiendom vir minder as die oorspronklike bedrag in verhouding tot die bedrag belê |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord van ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige VIER voorbeelde van langtermynversekering. (4)

2.2 Brei uit oor die betekenis van *bybetaling* as 'n versekeringskonsep. (6)

2.3 Identifiseer die tipes beleggingsgeleenthede wat op Maretele Onderneming (MO) van toepassing is in ELKE stelling hieronder.

2.3.1 Maretele Onderneming het Tinyiko Handelaars die geleentheid gebied om 'n besigheid te begin in ruil vir 'n aandeel in die nuwe besigheid.

2.3.2 MO het ingestem om geld aan Mariah Beperk te leen onder sekere voorwaardes vir 'n vasgestelde tydperk.

2.3.3 Ahmed, 'n werknemer van MO, maak 'n maandelikse betaling aan Mango-versekering en word gewaarborg om 'n voorafbepaalde bedrag op 'n datum in die toekoms te ontvang. (6)

2.4 Verduidelik die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MAZIVILA TEKKIES (MT)**

Mazivila Tekkies is 'n baie winsgewende besigheid vir tieners. Daar is gereelde kommunikasie tussen die besigheid en werknemers wat tot beter besluitneming lei. MT bied berading aan om die moraal van 'n gedemotiveerde werknemers te versterk. Gesag word ook gedelegeer, wat werkers inspireer om meer produktief te wees.

2.5.1 Haal TWEE voordele aan van die demokratiese leierskapstyl wat deur MT in die bogenoemde scenario toegepas word. (2)

2.5.2 Bespreek ander voordele van die demokratiese leierskapstyl. (4)

2.6 Beskryf situasies waarin die transformasionele leierskapsteorie in die werkplek toegepas kan word. (6)

2.7 Gee besighede raad oor die voordele van versekering. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

3.1 Brei uit oor die betekenis van etiese gedrag. (4)

3.2 Verduidelik enige TWEE probleemoplossingstappe. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JONAS ONDERNEMING (JO)**

Jonas Onderneming ervaar groot verliese van hul winste. JO het hul werknemers versoek om in stilte eers self idees te genereer voordat hulle dit met ander deel.

3.3.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat deur JO in die scenario hierbo toegepas word. (2)

3.3.2 Bespreek ander maniere waarop JO die probleemoplossingstegniek soos in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer, kan toepas. (4)

3.4 Verduidelik hoe die misbruik van werktyd as 'n tipe onprofessionele besigheidspraktyk uitdagings vir besighede inhou. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**TREVOR VRAGTE (TV)**

Trevor Vragte (TV) is 'n groot besigheid wat in afleweringsdienste spesialiseer. Hulle het nie al hul inkomste van die vorige finansiële jaar aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verklaar nie. TV gebruik ook fynskrif om belangrike inligting weg te steek wanneer hulle hul produkte bevorder.

Identifiseer TWEE tipes onetiese besigheidspraktyke wat op TV van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.5 te beantwoord.

| TIPES ONETIESE BESIGHEIDSPRAKTYKE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.6 Verduidelik hoe besighede die volgende King-kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas om etiese besigheidsgedrag te verbeter:

3.6.1 Deursigtigheid (4)

3.6.2 Aanspreeklikheid (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.7 Stel maniere voor waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe besigheidspraktyke uitgevoer moet word. (4)

**[40]**

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**SAKEGELEENTHEDE**

4.1 Noem enige VIER faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n beleggingsbesluit geneem word. (4)

4.2 Beskryf kortliks die positiewe impak van effektetrusts as 'n vorm van belegging. (4)

4.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

**MAVIS HANDELAARS (MH)**

Mavis Handelaars is bekend daarvoor dat hulle gehalteprodukte aan verskeie kliënte verkoop. Die bestuur van MH het hul besigheid teen diefstal verseker en sal vergoed word vir die gespesifiseerde skade. MH het alles bekend gemaak wat die omvang van die risiko kan beïnvloed.

Identifiseer TWEE versekeringsbeginsels wat op MH van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3 te beantwoord.

| BEGINSELS VAN VERSEKERING | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

4.4 Gee besighede raad oor die voordele van die transaksionele leierskapstyl. (6)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BESIGHEIDSROLLE**

4.5 Beskryf kortliks die maniere waarop besighede die dinkskrumtegniek kan toepas om komplekse besigheidsprobleme op te los. (6)

4.6 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| **SMUTS VERVAARDIGERS (SV)** |
|---|
| Smuts Vervaardigers verskaf landbouprodukte. Die bestuur het 'n afname in verkope ervaar as gevolg van hoë koste wat by die prys van die finale produk gevoeg is. Hulle het nie herstelprogramme om die omgewing te beskerm nie. SV het ŉ monopolie gevorm om hul pryse eensydig te verhoog wat tot swaar boetes gelei het. |

4.6.1 Haal TWEE uitdagings aan wat deur die prysbepaling van goedere in landelike gebiede as 'n onetiese besigheidspraktyk gestel word uit die scenario hierbo. (2)

4.6.2 Beskryf ander uitdagings wat deur die prysbepaling van goedere in landelike gebiede as 'n onetiese besigheidspraktyk beskou word. (4)

4.7 Beveel maniere aan waarop besighede die volgende onprofessionele besigheidspraktyke kan hanteer:

4.7.1 Seksuele teistering (4)

4.7.2 Ongemagtigde gebruik van werkplekfondse en -hulpbronne. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui duidelik die VRAAGNOMMER van die gekose vraag aan. Die antwoord van die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BESTUUR EN LEIERSKAP)

| |
|---|
| Effektiewe bestuur en leierskap is van kardinale belang om besighede se doelwitte te bereik. Die leier-volgeling-teorie word dikwels in die werkplek gebruik om werknemers te help om hul hoogste vlak van prestasie te bereik. Baie leiers gebruik ook die laissez-faire en charismatiese leierskapstyle. 'n Leier se persoonlike houding word deur sommige as 'n sleutelfaktor in suksesvolle leierskap beskou. |

Skryf 'n opstel oor bestuur en leierskap waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen bestuur en leierskap.
- Verduidelik leiers en volgelinge as 'n leierskapsteorie.
- Bespreek die impak van die volgende leierskapstyle op besighede:
  - Laissez-faire
  - Charismaties
- Gee besighede raad oor die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING)

| |
|---|
| Besighede ondervind verskeie probleme wat hul bedrywighede beïnvloed en moet innoverende maniere vind om ingeligte besluite te neem. Hulle moet ook 'n omgewing skep wat kreatiewe denke bevorder om die voordele van kreatiwiteit in die werkplek te geniet. Die Delphi-tegniek en die Kragveld-analise stel besighede in staat om komplekse besigheidsprobleme op te los. |

Skryf 'n opstel oor kreatiewe denke en probleemoplossing waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen probleemoplossing en besluitneming.
- Verduidelik maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder.
- Bespreek die voordele van kreatiewe denke in die werkplek.
- Gee besighede raad oor hoe hulle die volgende probleemoplossingstegnieke kan toepas om komplekse besigheidsprobleme op te los:
  - Delphi-tegniek
  - Kragveld-analise **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African